Beste Ouers / Voogde,

Dit is alweer tyd vir die Junie/Julie-vakansie en ons sien uit daarna om Vakansie Handjies aan te bied!

Ons verstaan dat dit vir baie ouers 'n uitdaging is om betroubare versorging tydens vakansies te reël. Daarom bied ons 'n veilige, gestruktureerde en prettige omgewing waar leerders van Laerskool Jan van Riebeeck en Huppelland hul tyd sinvol kan deurbring met 'n kreatiewe en aktiewe program.

Vakansie Handjies vind plaas vanaf 29 Junie tot 20 Julie 2026, Maandag tot Vrydag.

**Tye en kostes:**

- Voldag: 07:30 – 17:00 @ R200 per dag
- Halfdag: 07:30 – 13:00 @ R100 per dag

Let asseblief daarop dat daar streng afhaaltuie uitgeengesit is. Leerders wat laat opgetel word se rekening sal aangepas word.

**Wat word aangebied:**

Leerders neem daagliks deel aan kreatiewe en aktiewe aktiwiteite.
Ons sal weekliks die daaglikse program aan ouers uitstuur.

Daar sal daagliks bak-en-brou of 'n ligte happie beskikbaar wees. Ouers word egter versoek om 'n gesonde kospakkie saam te stuur.

**Belangrike reëlings:**

- Slegs leerders wat vooraf ingeskryf is, sal toegelaat word.
- Rekeninge moet teen die laaste dag van die vakansie ten volle betaal wees.
- Maak asseblief seker dat die korrekte bankbesonderhede gebruik word.
- Leerders mag skopfietsies of fietse saambring op eie risiko.
- Kussings en kombersies is welkom, maar mag nie gedeel word nie.

Indien u van hierdie diens gebruik wil maak, voltooi asseblief die onderstaande aansoekvorm en stuur dit direk aan Felicity Beerwinkle.